

Omdat Jesus God met ons is, vra en ontvang ons as verlosde mense van God en van mekaar vergifnis

ds. PJ Kriel

Kerspreek

25.12.2018

Sang vooraf: Lied 358 al drie verse.

Lied 364: 1 en 2.

Lied 345: 1 – 3;

Sang na preek: Lied 344: 1 -3,

Lied 348: 1 – 3.

Inhoud Hierdie preek wys dat Jesus is gebore as Verlosser en God met ons, daarom het ons geen sondeskuld voor God die Vader nie en is Christus self God in sy genade en liefde met ons. Hierdeur verander Christus die vra en ontvang van vergifnis in sy kerk. Ons kan nie vra dat ons sondestraf weggevat word nie en ook nie vra nie dat God weer sy liefde aan ons sal gee, asof Hy deur ons sonde vir ons afwesig en afsydig geword het nie. Dit is hoe die geestelikes van hierdie wêreld God om vergifnis vra: hulle maak vergifnis vra die verlossing van sonde. In ons geloof in Christus as Verlosser en God met ons, vra ons om vergifnis wanneer ons vir die Here sê ons is hartseer dat ons Hom met ons sonde 'n afgod gemaak het, sê ons dat ons Hom lief het en vra dat Hy ons net weer sal verseker dat Hy God met ons is en nooit vir ons die afsydige en afwesige God sal wees wat ons Hom maak nie. Dit is ook die nuwe manier waarop ons vir mekaar om vergifnis vra en vergifnis gee.

Skriflesing Matteus 1: 18 – 2:1; 6: 9 – 12; 18: 21 – 35; 28: 16 – 20; Ps. 115: 2 -9.

Teks Matteus 1: 21 “Sy sal 'n Seun in die wêreld bring, en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos.”

Tema Omdat Jesus God met ons is, vra en ontvang ons as verlosde mense van God en van mekaar vergifnis.

1. Die kind wat uit Maria gebore word, sonder dat sy en Josef omgang gehad het, se Naam is Jesus. Sy Naam beteken Verlosser! Hy verlos die volk van die Here, die Here se kinders, van hul sondes.

Die kind wat uit Maria gebore word, sonder dat sy en Josef omgang gehad het, word Immanuel, God met ons genoem, want Hy wat as baba gebore is, is self God met ons! Dit is die Kersaankondiging van die engel aan Josef! Hierdie Seun is Jesus, Immanuel: Verlosser God met ons!

So kondig Jesus Homself ook aan in die laaste verse van Matteus as Hy as verskyn aan sy dissipels nadat Hy as mens uit die dood uit opgestaan het. Aan Hom is alle mag op hemel en op aarde gegee om al die sondes van sondaars heeltemal weg te vat en vir hulle wie se sondes Hy weggevat het, is Hy, Jesus, God met hulle, tot aan die voleinding van die wêreld!

2. Hoe verlos Jesus sy kerk van hulle sonde?

Omdat Jesus God met ons is, vra en ontvang ons as verlosde mense van God en van mekaar vergifnis

Dit openbaar die Here in sy antwoord op Petrus se vraag oor hoeveel keer gaan mense binne die koninkryk van Jesus vir sondes vergewe word.

Petrus wil weet hoe gaan vergifnis werk binne die nuwe koninkryk wat Jesus in Jerusalem gaan oprig en vra die vraag: “Here, hoeveel keer moet ek my broer iets vergewe as hy iets verkeerds teen my doen? Selfs sewe keer?”

Jesus se antwoord is: Nie sewe keer nie, maar sewentig maal sewe keer!”

Petrus weet dat vergifnis in die Herre Jesus se koninkryk anders gaan werk as wat die Fariseërs en Sadduseër se vergifnis werk. Hy vra nie sy vraag aanmatigend nie, maar soekend oor hoe Christus vergifnis in sy koninkryk gaan laat werk. In sy vraag stel hy meer as dubbel die vergifnis wat die Jode gegee het. Binne die Joodse vergifnis word dieselfde sonde twee of drie keer vergewe. Dan is daar vir dieselfde sonde nie meer vergifnis nie. Petrus stel dat Christus hulle meer as dubbel soveel keer mense vir dieselfde sonde sal laat vergewe.

Christus stel dan dat binne sy koninkryk sal mense sonder enige beperking vir dieselfde oortreding waarmee teen hulle gesondig is, aanhoudend en elke keer sal vergewe word.

3. Die kontras tussen 7 en 490 keer vergewe gaan nie oor getalle nie. Met die kontras tussen 7 en 490 keer wys die Here dat waar Hy Jesus, die Verlosser en Immanuel, God met ons is, is sy en sy kinders se vergifnis totaal iets anders as die tipe vergifnis waarmee geestelikes soos die Jode mee besig is.

Die gelykenis wat die Here vertel wys hoe sy vergifnis, en daarom ook sy dissipels se vergifnis, totaal iets anders is as die vergifnis van die geestelikes van hierdie wêreld. Christus se vergifnis is nes die koning in die gelykenis se vergifnis totale kwytskelding van alle skuld uit genade vir hulle wat niks aan hulle sondeskuld kan doen nie. Dit is totale kwytskelding vir hulle wat niks kan regmaak wat hulle verkeerd gedoen het nie.

Die vergifnis van die slaaf is in hierdie gelykenis is die vergifnis van die Jode, Petrus en alle geestelikes se vergifnis. Dit is vergifnis vir sondes wat deur die oortreder reggemaak moet word. Daarom word in die gelykenis gestel dat die medeslaaf eers uit die tronk gekom het toe hy die verskuldige bedrag terugbetaal het.

4. Dit is die werklike verskil in die wyse waarop vergifnis in die Here se koninkryk werk teenoor hoe die vergifnis van hierdie wêreld se geestelike mense werk. Jesus is ons Verlosser van sonde. Jesus Christus se verlossing werk só dat Hy alle sondeskuld vir alle sondes wat ons doen vir altyd kwytskeld. Dit is wat Hy doen deur

Omdat Jesus God met ons is, vra en ontvang ons as verlosde mense van God en van mekaar vergifnis

vir ons op Kersdag gebore te word, as sondelose mens in ons plek gedoop te word en dan as sondaar in ons plek te ly, gekruisig te word en Godverlate sterf.

Jesus Christus se verlossing werk so dat Hy vir ons Immanuel is, God met ons tot aan die voleinding van hierdie wêreld. God met ons volgens hierdie gelykenis beteken dat Hy altyd met ons in sy genade, barmhartigheid, goedheid, liefde getrouheid en vrede is. Dit is hoe Jesus Christus in Homself as God met ons God is.

In Hom is daar geen grimmigheid, wraak, woede, haat, kilheid, afwesigheid of afsydigheid teenoor ons vir ons sonde nie. Sou Hy so wees dan is Hy nie meer Immanuel, God met ons nie.

Waar Christus ons van ons sonde verlos, word alle skuld kwytskeld en bly Hy terwyl ons nog sonde doen, altyd God met ons in genade, liefde en barmhartigheid. Ons sonde maak Hom nie die ver, verwyderde en afsydige God vir ons nie.

5. Dit is die werklike verskil in vergifnis!

Waar die Jode, Petrus en geestelikes mense vergewe soos hulle glo God hulle vergewe, is dit 'n vergifnis sonder die verlossing van Jesus wat Immanuel is. By hulle word die verlossing van sonde iets wat jy vir jouself moet doen, voor jy vergifnis by God kan kry. Jy moet eers jou sondes regmaak, voor jy vergifnis kan kry! Daarom moet mense ook eers hulle sonde regmaak voor hulle by hul medemens vergifnis kan kry.

Dit is wat die Here met die gelykenis vir Petrus uitwys: eers as die medeslaaf sy sondes self regmaak, kan hy vergifnis van sy sondeskuld kry. Voor jy nie jou sondes regmaak nie, is God die een wat jou gryp, wurg, dreig en gevange neem.

Waar Christus Verlosser en Immanuel is, is daar geen skuld nie en is God met ons in sy liefde terwyl ons sonde bly doen. Die God van hierdie wêreld is die God wat jou skuld wegvat en jou liefhet wanneer jy jou sondeskuld regmaak, tot dan bly Hy vir jou die kil, afsydige en afwesige God.

Dit is hierdie verskil in die geloof in God wat die verskil maak tussen 'n sonde wat sewe keer vergewe word en 'n sonde wat 490 keer vergewe word, onbeperkte vergifnis.

6. Christus wat alle skuld as Verlosser kwytskeld en as Immanuel altyd ons in sy liefde laat leef, verander daarom ons vraag om vergifnis by Jesus Immanuel totaal.

Omdat Christus Verlosser en Immanuel is, kan ons Hom nooit om vergifnis vra deur te vra dat Hy ons skuld moet wegvat of nie meer kil, afsydig en ver vir ons te wees nie. Wanneer ons as verlostes om vergifnis vra kan ons nooit besig wees om ons

Omdat Jesus God met ons is, vra en ontvang ons as verlosde mense van God en van mekaar vergifnis

God te vra om ons skuld weg te vat of ons gebroke gemeenskap, ons gebroke verhouding met God, God se kilheid en afsydigheid teenoor ons te verander nie. Want Hy het alle skuld klaar weggevat en is God met ons, nie God kil en afsydig vir ons nie.

Dit is die nuwe wyse waarop ons Christus aanbid as wanneer ons Hom vra om ons sonde te vergewe. Ons vra Hom teenoor wie ons geen skuld het en nooit kil, afsydig, en ver is maar altyd in liefde met ons is, om vergifnis, vir Hom wat nooit 'n gebroke gemeenskap of verhouding tussen ons toelaat nie.

Ons vra God om vergifnis wat ons van ons sondes verlos het, nie wat ons verlos omdat en deur hoe ons om vergifnis vra nie.

Daarom kan om om vergifnis te vra, nooit die wyse wees waarop ons ons sondeskuld en God se kilheid en afsydigheid teenoor ons regmaak nie! Christus het ons klaar daarvan verlos!

7. Dit is presies net wat geestelikes met die vraag na vergifnis doen. Hulle maak dit die wyse waarop jy van jou sondeskuld en God se kilheid en afsydigheid jeens jou verlos word.

Daarom leer hulle dat om om vergifnis te vra is nie maar net 'n vraag nie en vergifnis is nie maar net iets wat sommer net gegee word nie. Deur vergifnis te vra moet jy jou sondeskuld regmaak en jou verhouding met God weer regkry. Daarom moet jy rég om vergifnis vra!

Hoe vra jy rég om vergifnis?

Só!

Jy moet wys eers wys dat jy regtig jammer is, jy moet wys jy weet hoe sleg jy en dit wat jy gedoen het, is; dan moet jy beloof om alles wat jy verkeerd gedoen het te gaan reg maak; (mense noem dit vandag restitusie), dan moet jy vergoed vir wat jy verkeerd gedoen het; dan met jy jou hart gee, jou lewe gee, jou liefde gee en nie weer die verkeerde ding gaan doen nie.

Wat gebeur as jy só reg vra? Dan vat God jou skuld weg en laat Hy jou weer in sy liefde leef en is Hy nie meer kil, afsydig en ver nie.

Hoeveel keer kan jy só onvergifnis vra". So sewe keer! Dan weet jy en God dat alles wat jy sê wanneer jy om vergifnis vra, sal jy nooit regtig kan doen nie. Dan is hierdie manier van vergifnis vra en vergifnis kry verby!

Omdat Jesus God met ons is, vra en ontvang ons as verlosde mense van God en van mekaar vergifnis

8. Wat vra 'n mens wanneer jy om vergifnis vir Jesus Christus vra wat al jou sondeskuld vir altyd kwytskeld het uit genade en altyd God met jou in sy liefde is, sonder dat jou sondes Hom ooit kil, afsydig en ver maak?

Dit sien ons in die kontras van wie God volgens sy verbondstrou is teenoor die God wat mense vir hulle self opmaak en voorhou. Die skrywer van Psalm 115 stel die troue liefde waarin God God met ons is, teenoor die afgode wat mense maak met hierdie besondere beskrywing.

Die God wat mense opmaak en by hulle wil hê,

- het monde, maar kan nie praat nie.
- het oë, maar kan nie sien nie,
- het ore, maar kan nie hoor nie,
- het neuse maar kan nie ruik nie,
- het hande, maar kan nie voel nie,
- het hande, maar kan nie voel nie,
- het voete, maar kan nie loop nie.

Wat die Psalmskrywer hier verwoord gebeur elke dag tussen ons en ons kleuters.

Die kinders! Het julle al gesien wat gebeur wanneer julle pa of ma vir julle boetie of sussie wat so drie of vier jaar oud is, sê hulle mag nie van die koek of lekkers wat op die tafel is wat nie?

Dit werk só!

Hulle staan so rukkie stil, kyk weg en dan gaan vat hulle die koeldrank of lekkers voor die pa of ma wat gesê het hulle mag dit nie doen nie. Wat het hier gebeur? Dit werk só! Daardie rukkie wat hulle stilstaan en wegkyk besluit hulle hul pa en ma is nie meer daar nie. Hulle maak in hulle gedagtes en hart hulle pa's en ma's mense wat monde het, maar kan nie praat nie; oë het, maar kan nie sien nie; ore het, maar kan nie hoor nie; neuse het maar kan nie ruik nie; hande het, maar kan nie voel nie; voete het, maar kan nie loop nie.

En wanneer pa of ma dan kyk met oë, praat met monde, naderkom met voete en wegvat met hande, dan huil hulle verskrik en maak asof pa en ma nie meer vir hulle lief is nie.

Hulle lus vir sonde, maak dat hulle só met hul ouers maak. En dit is presies wat mense met God maak as hulle sonde doen! Met elke sonde wat ons doen, maak ons van die Here Jesus wat God met ons is, 'n afgod! God wat niks kan sê, doen, hoor, bewerk of na ons kan kom nie!

Omdat Jesus God met ons is, vra en ontvang ons as verlosde mense van God en van mekaar vergifnis

9. Só, wat vra ons Jesus wie God met ons is, wanneer ons Hom om vergifnis vra wat alle skuld weggevat het en altyd met ons in liefde is?

Ons vra Hom om nooit vir ons die afgod te wees wat ons van Hom maak nie! Ons vra Hom om God met ons te wees, om vir ons Immanuel te wees, in ons sonde, wanneer ons sonde doen en nadat ons sonde gedoen het. Net soos daardie kleintjie na sy ouer hom kom keer het, om die been vat en jammer huil. Ons vra Hom

- Om met ons deur sy Woord te praat en nie stil te wees soos ons Hom maak nie.
- Om ons raak te sien in sy genade en te weet wie ons is en nie die blinde God te wees wat ons Hom maak nie.
- Om ons te hoor wanneer ons Hom aanroep en nie die dowe God te wees wat ons Hom maak nie.
- Om altyd van ons bewus en nie die God te wees wat van niks weet wat ons Hom maak nie.
- Om altyd vir ons te help en met ons besig te wees en nie die handelose God te wees wat ons Hom maak nie.
- Ons ons altyd te kom haal en nie nie voetlose Gd te wees wat ons Hom maak nie.

Die vraag om vergifnis is om God te vra om God met ons te wees.

10. Hoekom vra ons dit?

.1 omdat ons hartseer is omdat ons Hom die kil, afsydige en afwesige God gemaak het om sonde te kan doen, wat Hy net nooit vir ons is nie.

.2 Omdat ons Hom liefhet omdat Hy altyd net vir ons God met ons bly en

.3 Omdat ons dit net weer van Hom wil hoor en weet dat Hy altyd net God met ons sal wees – Immanuel! Omdat ons dit net weer van Hom bevestig wil hê dat Hy nooit vir ons die afgod sal wees wat ons van Hom maak nie.

As dit is wat ons vra en wat God vir ons gee, wanneer ons om vergifnis vra: .1 hoor my hartseer oor wat ek met U gedoen het, 2. hoor my liefde vir U wat altyd God met my is en 3. sê net weer vir my in my eie onsekerheid oor myself en wat ek met U doen, dan U altyd God met my is en sal bly, Immanuel vir my sal wees,

hoeveel keer sal God dít vir ons gee wat ons vra?

490 keer vir dieselfde sonde op een dag! Want wanneer kan dit ophou of wanneer kan daar hiervoor 'n grens gestel word: ek wil vir U sê ek is hartseer oor wat ek met

Omdat Jesus God met ons is, vra en ontvang ons as verlosde mense van God en van mekaar vergifnis

U gedoen het en dat ek U lief het vir wie as my Vader is, sê net weer vir my U sal my nooit verlaat nie!

10. Verstaan u wat die Here vir ons leer wanneer Hy dan vir ons met die “Ons Vader” wys dat ons só om vergifnis moet vra: “En vergeef ons ons skulde omdat ons ook hulle vergeef wat teenoor ons skuldig staan.”

Dit is absurd om hierdie gebed só te hoor dat wanneer jy jou skuldenaars vergewe sal God ook jou skuld vergewe, so asof dit God se voorwaarde is om jou te vergewe.

Wat die Here hier wys is wat Hy in die gelykenis aan Petrus wys: vergeef ons mekaar as mense wat van ons sonde verlos is deur Jesus wat God met ons is, of beteken vergifnis om die sondes wat ons teenoor mekaar gedoen het reg te maak? Elke sent te betaal voor ons uit mekaar se bevangenhede kan vrygelaat word!

Ons as medegelowiges kan mekaar net vergewe as mense wat van ons sondes wat ons teenoor mekaar gedoen het, verlos is deur Jesus Christus. Vir sondes waarvan die skuld vir altyd kwyteskeld is en waarin God ons altyd in sy liefde vashou.

In hierdie verlossing kan en mag ek nooit my medegelowiges vergeef soos Jode of Petrus wou vergeef het nie: jy kry 7 kanse om jou sonde met my reg te maak, sewe kanse om jou skuld reg te maak sodat ek my kilheid, afsydigheid en afwesigheid vir jou weer in vriendelikheid verander. Na sewe keer is en bly ek vir jou ’n kil, afsydige en afwesige man of vrou, pa of ma, kind, broer of suster, vriend of vriendin, werkgewer of werknemer!

In hierdie verlossing is daar nie skuld wat reggemaak moet word nie, want ons glo vir mekaar dat die Here dit vir goed weggevat het. In hierdie verlossing bly ek vir jou die teenwoordige, meelewende en mededeelsame ouers, kind, broer, suster en vriend – sodat wanneer jy vir my sê jy is hartseer oor wat jy met my doen, dat jy my verontmenslik asof ek nie kan sien, hoor, praat, kan voel, nader kan kom en kan myself kan gee nie, en dat jy lief is vir my, ek net weer aan jou die bevestiging sal gee dat ek vir jou daar is en saam met jou is.

11. Kom ons maak dit ons Kersontdekking sodat dit ons weer kan gee wat gevra word wanneer mense ons om vergifnis vra. Kom ons maak dit ons Kersontdekking sodat ons weer kan om vergifnis kan vra en gee!

Ons vra en ontvang vergifnis as mense wie se skuld alles kwyteskeld is en vir wie Jesus Immanuel is en bly, God met ons! Daarom is om vergifnis vra vir God vir ons net iets wat ons vra en wat Hy gee, dit is nooit iets wat sondes regmaak, skuld wegvat of God se sogenaamde kilheid, afsydigheid en afwesigheid verander nie.

Omdat Jesus God met ons is, vra en ontvang ons as verlosde mense van God en van mekaar vergifnis

Omdat ons om vergifnis vra net omdat ons hartseer is en vir God liefhet en wil hoor Hy is God met ons, kan ons dit maar net vra en ontvang, aanhoudend onbeperk en onbegrens.

Laat ons mekaar dan ook so vergewe!

As mense wat nooit vir ons medegelowiges afsydig en afwesig word wanneer hulle teen ons sondig nie sodat wanneer ons vir mekaar sê ons is hartseer en lief vir mekaar, ons ons teenwoordigheid en meelewendheid met mekaar net weer vir mekaar bevestig.

12. Kan U dink hoe koud en kil hierdie Kersdag en Kerstyd gaan raak wanneer ons mekaar moet vergewe as mens wat nie van ons sondes deur Jesus verlos is nie?

Dan moet ons met kilheid, afsydigheid en afwesigheid as ouers en kinders teenoor mekaar, as man en vrou teenoor mekaar, as vriende teenoor mekaar mekaar gryp en wurg totdat elke sent terug betaal is!

En dit doen ons dan as goeie geestelikes net sewe keer vir dieselfde sonde! Daarna bly jy in my afwesigheid en afsydigheid vir altyd gevange! Want jy bedoel dit nie as jy jou sondes regmaak met my nie!

- Kom ons breek uit die bevangenheid van die afwesigheid en afsydigheid wat ons mekaar mee vasgryp en wurg asof dit vergifnis is!
- Kom ons glo in die Seun wat geore is uit die maagd Maria wat die Naam Jesus gekry het, Hy wat ons van alle skuld vir altyd kwytsteld.
- Kom ons glo in die Seun wat gebore is wat God met ons is, Immanuel en nooit die afgod vir ons word wat ons Hom met ons sondes maak nie.
- Kom ons vra, ontvang en gee vergifnis soos Christus dit laat werk: sommer net omdat ons hartseer is, sommer net omdat ons lief het en sommer net om te hoor en te laat hoor dat God en ons vir mekaar daar is.
- Kom ons vra, ontvang en gee vergifnis onbeperk sodat ons met God en met mekaar kan saam leef.

Laat dit ons Kersgeskenk vir onself en vir mekaar wees!

Omdat Jesus God met ons is, vra en ontvang ons as verlosde mense van God en van mekaar vergifnis